



Hoe werk bedingingsrade?

- Base hoef nie in te stem om 'n bedingingsraad te vorm nie – die stigting of aansluiting by 'n bedingingsraad is vrywillig
- Bedingingsrade moet by die Departement van Arbeid registreer
- Bedingingsrade kan personeel in diens neem, insluitend agente
- Werkers kan hul klagtes na die agente neem as hulle dink hul baas gee hulle nie die regte in die bedingingsraad ooreenkomste nie.
- Die uitgawes van die bedingingsrade word gedek deur bydraes van werkers en base wat gedek word deur daardie bedingingsraad – kamerade wat gedek word sal 'Council Levy' aftrekkings op hul betaalstrokies sien

'n (Baie) kort geskiedenis van bedingingsrade

Bedingingsrade was bekend as nywerheidsrade, wat terugdateer na arbeidswette van 1924. Destyds was die rade bedoel om die geskoolde werk en hoër lone van wit werkers te beskerm. Teen die vroeë 1980's het nuwe swart werkersvakbonde die reg gewen om aan hierdie rade deel te neem. Vakbonde soos die Metal & Allied Workers Union (MAWU) het groot loonverhogings vir hul lede en vir nie-lede gewen deur baie militante stryd. Vandag redeneer sommige kamerade dat die bedingingsrade net die base bevoordeel en nie meer nuttig vir vakbonde en werkers is nie.

[Vir meer inligting, besoek www.cwao.org.za of skakel](http://www.cwao.org.za)

**082 812 1934 of 076 551 7112 of besoek 2
High Road, Georgetown, Germiston, GAUTENG**

Bedingingsrade (Bargaining Councils)

**Artikel 27 van die Wet op Arbeidsverhoudinge (LRA)
laat toe dat bedingingsrade saamgestel kan word.**

Wat is 'n bedingingsraad?

'n Bedingingsraad is 'n struktuur wat deur vakbonde en base organisasies ingestel is sodat hulle kan onderhandel oor kwessies in 'n spesifieke bedryf. Vakbonde in die padvragbedryf kan byvoorbeeld saamstem met padvrag base om 'n padvrag bedingingsraad te maak. Op dieselfde manier kan vakbonde in die chemiese industrie saamstem met die chemiese base om 'n chemiese industrie bedingingsraad te maak.

Hoekom wil vakbonde bedingingsrade hê?

Soms onderhandel vakbonde met base op werkplek vlak. Dit staan bekend as fabriek vlak bedinging. Fabriek vlak bedinging is die doeltreffendste wanneer werkers in 'n spesifieke werkplek baie goed georganiseerd is. Maar hierdie vlak van bedinging neem baie tyd en hulpbronne van die vakbond. Dit kan ook keer dat werkers in 'n spesifieke bedryf in stryd verenig vir algemene eise.

Artikel 32 van die LRA sê die Minister van Arbeid kan die bedingingsraad ooreenkomste selfs van toepassing maak op werkers en base wat nie deel van die bedingingsraad is nie. Base wat nie deel van die bedingingsraad is nie kan aansoek doen om nie deur die hele ooreenkoms of dele daarvan gedek te word nie. As die aansoek suksesvol is, kry hulle wat 'n vrystelling van die ooreenkoms genoem word. Daar is baie industriële sektore wat nie deur bedingingsrade gedek word nie, soos voedsel, kleinhandel, landbou ensovoorts. Werkers in sommige van hierdie sektore word eerder deur sektorale vasstellings gedek.

Bedingingsraad agente maak seker dat base die ooreenkomste implementeer

Bedingingsrade kan agente in diens neem wat seker moet maak dat base raadsooreenkomste implementeer. Werkers rapporteer gewoonlik klagtes oor onderbetaling van lone, onbetaalde siekteverlof en so meer by die agente by die bedingingsraadskantore. Agente het die reg om inspeksies te doen en kan base nakomingsbevele gee. Nakomingsbevele is instruksies aan die base om die raadsooreenkomste te implementeer.

Bedingingsrade en dispute (bv. onregverdige afdanking)

Die meeste bedingingsrade kry toestemming deur die CCMA om versoening en arbitrasie te doen oor dispute soos onregverdige afdanking en onregverdige arbeidspraktyke. Werkers wat deur 'n bedingingsraad gedek word, moet sulke dispute aan hul bedingingsraad verwys, nie aan die CCMA nie.



Deur 'n bedingingsraad kan die vakbond gelyktydig met die verskillende base beding. Die vakbond en die base kan dan ooreenkomste maak wat die hele bedryf dek. Dit staan bekend as gesentraliseerde bedinging. Gesentraliseerde bedinging kan die krag van werkers in dieselfde bedryf kombineer, en kan vinniger en 'n meer handige manier wees om vakbond hulpbronne te gebruik. In die verlede is die winste wat werkers deur gesentraliseerde bedinging gemaak het, selfs aan ongeorganiseerde werkers oorgedra. Ons sal dit hieronder meer bespreek. Sommige redeneer dat gesentraliseerde bedinging sy eie gevare het, soos onderhandelaars wat ooreenkomste met base maak sonder om mandate van werkers te kry.

Wat doen bedingingsrade?

Sommige van die belangrikste dinge wat bedingingsrade doen is:

- Maak kollektiewe ooreenkomste tussen vakbonde en base se organisasies
- Neem agente in diens om seker te maak dat base die ooreenkomste implementeer
- Dispuute tussen werkers en vakbonde oplos aan die een kant, en base aan die ander kant
- Administreer voorsorg- en pensioenfondse, mediese fondse en ander werkervoordele

Wie kan 'n bedingingsraad maak of daaraan behoort?

Een of meer geregistreerde vakbonde en een of meer geregistreerde base organisasies kan saamkom om 'n bedingingsraad te maak. Wanneer hulle 'n bedingingsraad maak, staan hierdie organisasies bekend as die partye tot die raad. Ander geregistreerde vakbonde of base organisasies kan enige tyd aansoek doen om by die raad aan te sluit.

Wie word deur 'n bedingingsraad ooreenkoms gedek?

Kollektiewe ooreenkomste tussen vakbonde en base organisasies in die bedingingsraad dek werkers wat lede van daardie vakbonde is. Die ooreenkomste bind ook die base wat lede van die werkgewer organisasies in die raad is.